Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Oktober 2011

Bulletin

Amptelike nuusbrief van Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

DIE EERSTE HONDERD DAE

RAADSLEDE DEEGLIK TOEGERUS VIR REGEERFUNKSIE

Dit is deesdae 'n algemene gebruik vir politieke ampsdraers om na hul eerste 100 dae 'n oorsig te gee van wat reeds in hul ampstermyn bereik is. Omdat owerheidsbestuur 'n lang proses is, kan 'n mens na 100 dae slegs sê die kok het nou sy bestanddele bymekaar gesit, maar die kos moet nog gekook word.

Die 100 dae-konsep kom van die tyd toe die Amerikaanse president Franklin D Roosevelt tydens die Groot Depressie aan bewind gekom het. Vrees en paniek het die Amerikaanse nasie lamgelê. Gewapen met sy gees van selfvertroue en optimisme het hy binne 100 dae noodsaaklike regeerhervormings vir sy "New Deal" deurgevoer. Legendariese skuiwe, soos die "bankvakansie" wat hy onmiddellik afgekondig het om 'n onttrekkingstormloop te verhinder, was deel van sy aanvangsprogram. In die eerste 100 dae van sy bewind is ook baie aandag aan onmiddellike verligting van nood gegee. Min indien enige politieke leiers sal FDR se voetspore kan volstaan, maar die maatstaf is daargestel.

Omstandighede in Overstrand was nie naastenby so erg soos in FDR se Amerika toe die nuwe raad sy ampstermyn aangepak het nie, maar daar was ook besondere uitdagings wat onmiddellik aandag moes kry.

Demokratiese en Verantwoordbare Regering

Met 'n vergrote raad van 25 en slegs nege lede van die vorige raad wat teruggekeer het, was dit noodsaaklik om dadelik met raadslidopleiding te begin. Reeds drie dae na die verkiesing is die eerste voldag-oriëntasiesessie aangebied, en sedertdien is daar reeds by vyf geleenthede opleiding oor 'n groot verskeidenheid van onderwerpe, veral munisipale wetgewing, gegee. Al die raadslede is van omvattende dokumentasie voorsien en toegerus om hul taak met welslae te behartig.

Die amptelike inhuldiging van die raad het op 1 Junie plaasgevind, en by dié geleentheid is al die ampsdraers in hul poste bevestig en die Burgemeesterskomitee in lyn met wetgewing tot vyf lede uitgebrei. Elkeen van die ses munisipale direktorate het nou 'n toegewyde politieke hoof, met die uitsondering van Finansies en Ekonomiese Ontwikkeling wat deur dieselfde Burgemeesterskomiteelid gelei word. Portefeuljekomitees is ook volgens die riglyn saamgestel, en die teenwoordigheid van opposisiepartye in elk van hulle bevorder die strewe na demokrasie.

Enkele hoogtepunte in die eerste 100 van die Overstrand-raad se nuwe termyn: erkenning van Produktiwiteit SA, die Vrou-van-die-Jaar toekenning, die Mobiele Thusong in Hermanus, die Burgemeesterstrofeetoernooi vir Sokker, Mandeladagbedrywighede en die verkiesing van wykskomitees.

Wykskomiteeverkiesings is in die daaropvolgende week gehou, en teen einde Augustus is aan die raad gerapporteer dat al die komitees funksioneel is. Meer as 2800 geregistreerde kiesers het aan dié proses deelgeneem en die 130 wykskomiteelede wat aangewys is, is 'n goeie weerspieëling van die gemeenskap en sal verseker dat gemeenskappe en belangegroepe se stem in die raad se besluitnemingsproses gehoor sal word.

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) is 'n sleuteldokument vir die vooruitgang van Overstrand. Einde Augustus is die prosesplan hiervoor ter tafel gelê, en met almal se betrokkenheid sal die nuwe generasie GOP (vir die tydperk 2012 tot 2017) en Munisipale Begroting vir 2012/13 teen middel aanstaande jaar aangeneem word.

Intussen is die ouditering van die munisipaliteit se finansiële state en prestasiemetingsverslag vir die 2010/11-boekjaar goed op dreef nadat dit saam met die konsepjaarverslag op 31 Augustus 2011 ingedien is.

Voorlopige aanduidings is dat Overstrand 94 persent van sy kapitaalbegroting en 98 persent van sy bedryfsbegroting bestee het en meer as 100 persent van sy inkomste ingevorder het.

Verskeie toekennings het die munisipaliteit vanjaar reeds te beurt geval, waarvan veral die erkenning vir verbetering van produktiwiteit van Produktiwiteit SA se Wes-Kaap streek as 'n groot veer in die hoed beskou word.

Voorsiening en instandhouding van munisipale dienste

Met die begroting vir 2011/12 reeds goedgekeur, kon die nuwe raad dade-lik met sy oorsig van implementering begin. Een van die eerste krisisse was om die finansiële volhoubaarheid van die munisipaliteit te verseker toe dit aan die lig gekom het dat die verhouding tussen beskikbare kontant en korttermyn finansiële verpligtinge weens die drastiese verhoging van veral elektrisiteitskoste nie meer gesond was nie. Die oplossing was om die elektrisiteitsdeposito's van bestaande kliënte in lyn te bring met dié van nuwe kliënte of om verbruikers aan te moedig om na voorafbetaalde krag oor te skakel.

Hoewel goeie samewerking ondervind is en meer as 1500 gebruikers na voorafbetaalde krag oorgeskakel het, was daar veral in sakekringe ontsteltenis. Die raad het nie weggedeins van die openbare gesprek wat daarop gevolg het nie, en dit het tot verskeie toegewings wedersyds gelei. Die pluspunt hieruit is dat dit duidelik is dat die nuwe raad nie sal huiwer om finansiële probleme aan te pak nie maar bereid is om met die gemeenskap in gesprek te tree om die beste oplossing te vind.

Die huidige reënseisoen gaan klaarblyklik nie die nodige verligting bied vir die waterkrisis in Groter Hermanus nie. Vertragings word ook ondervind met die goedkeuring van 'n pypleiding om twee nuwe boorgatvelde met die Preekstoel-watersuiweringswerke te verbind. Herwinning van afvalwater blyk om die beste alternatiewe oplossing te wees en aansoeke vir rampvoorkomingsfondse om só 'n aanleg tydig te ontwikkel, is reeds by die Departement van Waterwese ingedien.

Bestuur en bewaring van die natuurlike omgewing

Vir Overstrand is sy natuurlike skoonheid 'n geweldige bate en word dit tot die beste voordeel van sy gemeenskap bestuur. Die munisipaliteit is een van min wat 'n behoorlike omgewingsbestuurstruktuur in plek het, en dié departement speel 'n sleutelrol om die areas van konflik tussen mens en die natuur te bestuur.

Die munisipaliteit het onder meer 'bekendheid verwerf vir die wyse waarop hy bobbejaanstrooptogte hanteer. 'n Filmspan van die televisiekanaal National Geographic was onlangs hier om opnames daaroor te doen.

Met die wetenskaplike insette van hierdie departement, kon aandag reeds gegee word aan sandduinbewegings wat tans huise in Bettysbaai bedreig, die kunsmatige oopmaak van die Kleinriviermond en die bepaling van terugsetlyne.

Die skep en instandhouding van 'n veilige en gesonde omgewing

Met die Kleinmond-behuisingsprojek wat nou vinnig (vervolg op bl. 2)

(vanaf bl. 1) voltooiing nader, is sake aan die roer om uitvoering te gee aan die res van Overstrand se Vyfjaarbehuisingsplan. Dié plan het die potensiaal om nie net Overstrand se behuisingsagterstand uit te wis nie maar ook om as 'n rolmodel vir ander plaaslike owerhede te dien. Sosiale akkoorde is reeds in Zwelihle, Gansbaai, Eloxulweni en Hawston op die been gebring.

Die Kleinmond-behuisingsprojek het op 13 September 'n spesiale merietetoekenning van die SA Behuisingstigting vir innovasie en ontwerp ontvang.

Sport en ontspanning is 'n bruikbare instrument om gemeenskappe bymekaar uit te bring en met mekaar te deel. In hierdie opsig speel die Burgemeesterstoernooie in rugby, sokker en krieket 'n sleutelrol. Die sokkertoernooi kort na die aanvang van die huidige raadstermyn was 'n reuse-sukses, en reëlings vir die eerste kriekettoernooi onder die Burgemeestersvaandel is reeds goed op dreef

Feeste is ook 'n goeie plek om mekaar as gemeenskap te vind en die Kalfiefees, wat met 'n hulptoekenning ondersteun is, het nie teleurgestel nie.

Die rol wat individue en vrywilligerorganisasies speel om 'n kultuur van omgee vir mekaar en die omgewing te skep, het erkenning gekry by die jaarlikse Aand van Voortreflikheid einde Julie. Marianné Beyleveldt, weduwee van die voormalige burgemeester, Theo Beyleveldt, is as Vrou van die Jaar aangewys en die Grootbos-stigting is met die Burgemeester se Omgewingstrofee bekroon.

Bevordering van toerisme en ekonomiese ontwikkeling

'n Nuwe bedeling vir die bevordering van toerisme regstreeks onder munisipale beheer is aangekondig. Hoewel daar groot waardering was vir die rol wat die Bestemmingsbemarkingsorganisasie Cape Whale Coast gespeel het, het munisipale finansiële wetgewing en regulasies 'n struikelblok vir die bedryf daarvan geword. 'n Toerismebestuurder aanvaar binnekort diens by die munisipaliteit en 'n adviesraad, wat verteenwoordigend sal wees van die plaaslike bedryf, sal ook ingestel word.

IS OVERSTRAND DIE DUURSTE?

Overstrand se munisipale rekeninge het die afgelope tyd in lesersbriewe aan die koerante onder skoot gekom. Daar is onder meer beweer dat Overstrand van een van die goedkoopste munisipaliteite na een van die duurste munisipaliteite in die Wes-Kaap omgeswaai het.

Die probleem met sulke stellings is dat dit baie moeilik is om te weerlê omdat baie veranderlike faktore ter sprake is en iets soos eiendomswaardasie in individuele gevalle 'n groot verskil kan maak.

Boonop kan munisipaliteite nie werklik met mekaar vergelyk word nie omdat elkeen uniek is wat betref bevolkingsamestelling, ekonomiese aktiwiteite en vlakke van dienslewering. Plekke soos Mosselbaai en Saldanhabaai het groot nywerheidsgebiede wat 'n aansienlike bydrae tot die munisipale inkomste lewer en sodoende druk op die eienaars van residensiële eiendomme verlig.

Versoeke van die Overstrandse munisipaliteit dat mense wat sulke stellings maak dit moet substansieer, het bitter min opgelewer. Die munisipaliteit se eie opnames toon dat ons tariewe goed vergelyk met dié van vyf ander plekke en dat wanneer dit by die slotlyn op die rekening kom, ons in terme van bekostigbaarheid uiters mededingend is.

Slegs Mosselbaai kon ons rekening vir 'n gemiddelde huishouding en 'n medium sake-onderneming klop, terwyl van die ander plekke 'n gewone belastingbetaler tot R700 meer uit die sak sal jaag, en vir 'n besigheid tot R3500.

HOEKOM 'N BASIESE HEFFING VIR VOORAFBETAALKRAG?

Elektrisiteitstariewe bestaan uit twee dele, naamlik:

Deel 1 - Basiese heffing: 'n Vaste maandelikse tarief wat gehef word om die elektrisiteitsnetwerk te verbeter en in stand te hou.

Deel 2 - Eenheidskoste: 'n Tarief wat betaal word vir elke eenheid elektrisiteit wat verbruik word. 'n Progressiewe bloktariefstelsel is van toepassing wat beteken hoe meer eenhede verbruik word, hoe duurder word die elektrisiteit.

Sommige verbruikers van voorafbetaalkrag was in die verlede op 'n eendeeltarief wat albei komponente van die tarief ingesluit het. Om die basiese heffing met dié tarief te vorder, moet kliënte 'n minimum aantal eenhede per maand koop.

Moeilike ekonomiese omstandighede en die skerp stygings in Eskom-tariewe die afgelope klompie jare het meegebring dat verbruikers nie meer by die minimum-verbruik uitkom om die eendeeltarief te laat werk nie.

Vanaf 1 Julie 2011 is die eendeeltarief slegs van toepassing op:

- 'Life-line'-gebruikers in deurgangskampe; en
- Besighede (driefasekrag) wat meer as 800 kWh eenhede per maand gebruik.

Vir voorafbetaalverbruikers word die basiese heffing nou op die munisipale rekening aangedui. Dit beloop R173 per maand (BTW ingesluit) vir enkelfaseverbruikers en R519 vir driefasekragverbruikers.

Hierdie tariewe is nie van toepassing op Eskom-verbruikers nie.

LEWE VOLGENS DIE MORELE STANDAARD VAN GOEIE

BURGERSKAP

In sy missie om 'n waardegedrewe gemeenskap te vestig, fokus die MSI (Morelestandaarde-inisiatief van Groter Hermanus) op die morele waardes van betroubaarheid, respek, verantwoordelikheid, omgee, billikheid en goeie burgerskap.

Oor die volgende ses maande, beginnende by goeie burgerskap, gaan daar opnuut gepoog word om bewustheid van hierdie ses waardes en standaarde te skep. Dit sal vermag word deur, onder andere, gebruik te maak van die Overstrandbulletin, Whale Coast FM, die Monitor, kerkblaadjies en die aanbring van MSI-baniere by taxistaanplekke in die dorp.

GOEIE BURGERSKAP

Goeie burgerskap definieer die morele en etiese karakter van ons samelewing. Die essensie hiervan is gesonde morele waardes, standaarde en etiek. Hierdie dinge bepaal ons houding en optrede as burgers, individueel en gesamentlik.

Hoe vaar ons ten opsigte van die morele en etiese karakter van ons gemeenskap hier in Groter Hermanus?

Sommige van die vrae wat ons onsself in hierdie verband kan afvra:

- Word ons as burgers primêr in wat reg of verkeerd is, gerig deur 'n interne morele en etiese kompas? Is ons wetsgehoorsaam omdat dit in 'n beskaafde samelewing die regte ding is om te doen?
- Is goeie buurmanskap en respek vir ander se privaatheid en eiendom 'n heersende eienskap van ons samelewing?
- Aanvaar ons gedeelde verantwoordelikheid vir die welstand van ons gemeenskap en raak ons konstruktief betrokke by sake van openbare belang?
- Is ons sakepraktyke skaamteloos eties?
- Gee ons regtig om vir die bewaring van ons natuurlike omgewing en die netheid en sindelikheid van ons strate, sypaadjies en openbare ruimtes?

Laat ons die waarde van goeie burgerskap bevorder deur van hierdie en ander verwante kwessies 'n gesprekspunt te maak binne gesinsverband en in ander kringe waarby ons betrokke is!

Deel gerus jou idees met Ernst Kretschmer, MSI-projekkoördineerder, op 082 412 4538 of ernstes@vodamail.co.za

Dit is weer tyd vir uithaal en wys!

Besoek die Munisipale Uitstalling vanaf 18 tot 21 Oktober 2011 in die Overstrand-burgersentrum, Hermanus.

Peter Bruns en Annegret Kuttner

DUITSERS GAAN VERGOED

Annegret Kuttner (klavier) en Peter Bruns (tjello), albei van Duitsland, gaan op Dinsdag, 1 November in die Overstrandburgersentrum op Hermanus vergoed vir die teleurstelling met die kansellering van die Unisa-klavierkompetisiewenner, Jan Hugo, se konsert einde Augustus. Kaartjies kos R80 en R40 vir studente. Bespreek by Bellini op 028 312 4988. Skakel René du Plooy op 082 940 4238 vir verdere navrae.